NG Kerk van Transvaal:
Predikante en Amptenare Pensioenfonds

9 Julie 2021

Aan: Alle predikante en amptenare van die NG Kerk van Transvaal

Geagte Lid

Omsendskrywe 3 van 2021: Verkiesing van bestuurskomitee-lede

U sinode is behulpsaam om hierdie omsendskrywe te versprei.

Hierdie skrywe word gerig aan alle predikante en amptenare in diens van die NG Kerk van Transvaal en wat aktiewe lede is van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds.

Termyn van Bestuurskomitee-lede

In omsendskrywe 2 van 2021, is daar uitgewys dat die termyn van die bestaande bestuurskomitee-lede, tot 'n einde kom in Oktober van hierdie jaar. In kort, die werkgewer-aangewese lede word her-aangewys maar daar moet werknemer-lede vir die vakatures wat gaan ontstaan, verkies word. Hierdie verkiesing sal uit die gesamentlike predikante- en amptenare korps geskied. Voordat daar oorgegaan word tot die verkiesing, moet lede uit enige van hierdie twee kategorieë van lidmaatskap, genomineer word.

Lede wat sodanig genomineer en verkies word, moet tyd gegun word om ten minste drie vergaderings per jaar by te woon (gewoonlik in die Pretoria-omgewing) en oor die vermoë beskik om oor finansiële- en pensioensake te kan besin.

Die bestaande verkose lede is soos volg:

Voormalige Predikante Pensioenfonds

Dr Michiel van der Merwe (Stabilis)
Ds Leon Westhof (Elarduspark)
Ds Nico van Rensburg (Potchefstroom Moedergemeente)
Ds Jan Swanepoel (het reeds afgetree)

Voormalige Amptenare Pensioenfonds

Mnr Paul Momsen (Abraham Kriel Kinderhuis Langlaagte)
Prop Annerie du Plessis (Algemene Sinode)
Me Classina Cornelius (Goudland Sinode)
Mnr Hennie Espag (Solheim Tuiste vir Bejaardes)

U is welkom om hierdie lede weer te nomineer en sou hulle die nominasie aanvaar, sal hul deel vorm van die verkiesing.

NG Lynnwood Sussexlaan 439, Lynnwood
GPS: S25°45.96 E28°15.93
E-pos : theo@pensioene.co.za;
Tel : 012 342 0415
'n Deelnemende Fonds aan die Sanlam Sambreelfonds

Soos voorheen verduidelik, sal daar nie meer ‘n gesamentlike bestuurskomitee wees wat uit sestien lede bestaan nie maar wel een komitee wat uit agt lede bestaan. Die verkose lede sal dus uit vier lede bestaan waarvan twee lede uit die predikante-korps afkomstig is en twee lede uit die amptenare-korps.

<u>Die nominasie proses</u>

- Aangeheg is die nominasievorm wat u en die genomineerde moet voltooi.
- Hierdie voltooide nominasievorm moet per epos gestuur word aan die epos adres wat op hierdie skrywe verskyn.

Die genomineerdes sal dan op ‘n stembriefie aan u gestuur word en waaruit u een lid moet kies om u belange te verteenwoordig.

Die voltooide nominasievorm moet my bereik teen 16 Augustus 2021 sodat die verkiesingsproses daarna kan begin en gefinaliseer wees voor einde September 2021.

Baie dankie vir u samewerking.

Beste groete

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENFONDSBESTUURDER

NG Kerk van Transvaal:
Predikante en Amptenare Pensioenfonds

Nominasie- en aanvaardingsvorm

Deel A: Nominasie

Ek, ... (naam en van)

Plek .....(gemeente/instansie)

Nomineer .....(titel, naam en van)

Om as verkose lid te dien op die Predikante en Amptenare Pensioenfonds

Geteken op .....(datum)

Handtekening .....

Deel B: Aanvaarding

Ek .....(naam van genomineerde)

Aanvaar hiermee die nominasie en stel myself beskikbaar vir verkiesing as lidverkose verteenwoordiger op die bestuurskomitee vir ‘n tydperk van vier jaar.

NG Lynnwood Sussexlaan 439, Lynnwood
GPS: S25°45.96 E28°15.93
E-pos : theo@pensioene.co.za;
Tel : 012 342 0415
‘n Deelnemende Fonds aan die Sanlam Sambreelfonds